KLEINMAAT ELEKTRISITEITSVERSPREIDINGSNETWERK IN UILENKRAALSMOND

Die behoefte aan elektrisiteitsfasiliteite in die Oord was aanvanklik deur die semi-permanente huurders geïdentifiseer. Die huiseienaars en die Afdelingsraad het gedurende 1995 'n ooreenkoms bereik dat indien die huiseienaars op hulle eie koste die interne verspreidingsnetwerk verskaf en gratis aan die Raad oordra, sal die Raad dit instandhou en kleinmaat elektrisiteit per voorafbetaalde meters aan die huiseienaars verskaf.

'n Bekostigbare elektrisiteitsverspreidingsnetwerk is toe geinstalleer. Die aanvanklike koste daarvoor was op 'n pro rata basis deur die huiseienaars, wat aansluitings ontvang het, betaal. Die betrokke netwerk was egter nie vir die installering van warmwatersilinders ontwerp nie, en beperk tot 15 ampere per aansluiting.

As gevolg van die onoordeelkundige aanwending van elektriese toerusting deur huiseienaars veroorsaak dit 'n oorlading van individuele toevoer kapasiteit met die gevolg dat die meters oorbelas word. Hierdie kragonderbrekings het gelei tot 'n eskalasie van diensverskaffingsoproepe vir aanskakeling van krag.

Volgens die nuwe munisipale grense was die Oord ingelyf in die Overstrand Munisipaliteit (OM) se regsgebied. Die OM is ook die enigste gelisensieerde grootmaat en kleinmaat elektrisiteitsverspreider binne sy regsgebied. Die OM het die interne elektrisiteitsnetwerk van die Oord by die Overberg Distriksmunisipaliteit (ODM) oorgeneem.

Die Oord bevind hom nou binne die regsgebied van die OM maar onder die administratiewe beheer van die ODM. Wat grootmaat elektrisiteit aanbetref is dit die funksie van die OM, maar wat die kleinmaat elektrisiteitsverspreiding aanbetref behoort dit te resorteer onder die ODM. Die ODM beskik nie oor die nodige kundigheid en arbeidskapasiteit om hierdie diens te lewer nie.

Die elektrisiteitsverbruik van vakansie eenhede is tans geensins vir die OM winsgewend nie. Die OM het ook te kenne gegee dat hy nie meer oor die nodige arbeidskapasiteit gedurende die vakansie seisoen beskik om die instandhoudingswerk te lewer nie.

Dit kom daarop neer dat die belastingbetalers van die OM tans die elektriese verbruikers in die Oord subsideer. Die OM het derhalwe die betrokke elektriese verspreidingsregulasies gedurende Desember 2008 sodanig gewysig dat hy gemagtig is om sy kleinmaat elektrisiteitsverspreidingsdiens te privatiseer. Die Oord sal dan noodwendig van 'n geakkrediteerde elektrisiteit diensverskaffer gebruik moet maak vir die interne vespreiding daarvan. Die OM sou aanvanklik hierdie nuwe maatreels vanaf 1 Julie 2010 in werking gestel het. Alhoewel die ODM skriftelik in kennis gestel was van hierdie nuwe maatreels het die ODM geen poging aangewend om die saak met die huiseienaars op te neem nie.

Die kampvereniging het toevallig eers in Februarie vanjaar te hore gekom van die OM se voornemens om die interne elektrisiteitsverskaffingsdiens op 30 Junie 2010 op te skort. Die kampkomitee het onmiddellik die aangeleentheid opgevolg en 'n taakpsan saamgestel om die aangeleentheid met die OM op te volg. Die kampkomitee het ook vir mnr Johan du Plessis as regsadviseur aangestel om die regsposisie van die huiseienaars te bepaal en te verdedig.

Uit samesprekings met die betrokke amptenare van die OM se Elektrisiteitsdepartement is bepaal dat daar tegniese, finansiële, gedrags- asook administratiewe redes bestaan waarom die OM besluit het om nie met die betrokke dienslewering voort te gaan nie maar geen bedoeling daarmee het om 'n onhanteerbare situasie vir die huiseienaars te skep nie, aangesien die OM wel 'n verantwoordelikheid teenoor die huiseienaars het omdat hul indirek ook belastingbetalers van die OM is.

Private herstellingsdienste vir verbruikers word hoofsaaklik oor naweke en gedurende vakansies en die Kersseisoen gelewer. Uit die aard van die saak word hierdie dienste buite die normale werksure gelewer teen 'n verhoogde na-ure lonekoste. Kragverspreiding is 'n handelsdiens wat nie deur die algemene belastingbetalers gesubsideer behoort te word nie. Huiseienaars se aandag word weereens daarop gevestig dat hulle in geval van betaling van dienstegelde grondwetlik daarvoor verantwoordelik gehou word. 'n Huiseienaar moet dus verantwoordelikheid aanvaar vir die doen en late van die okkupeerders van sy wooneenheid. Huiseienaars word dus gemaan om hulself te vergewis van die werking van die voorafbetaalde elektriese meters wat in sy woonhuis geinstalleer is.

Hierdie meters skakel af sodra dit oorlaai word en vir elke diensoproep sal die huiseienaars verantwoordelik wees vir die betaling daarvan al het die meter weer vanself aangeskakel. Hierdie uitroepkoste sal van nou af outomaties by die huiseienaar se elektrisiteit koopkaartrekening geplaas word wat betaalbaar sal wees alvorens hy weer 'n volgende krageenheid kan koop.

Tydens die kampkomitee se vergadering met die burgemeester en hoofamptenare van die OM en sy regsadviseur, het die kampkomitee dit egter baie duidelik gestel dat sy lede as die kragverbruikers kliente van die OM nie voorheen in kennis gestel was om aan hierdie onderhandelingsproses deel te neem nie. Die OM het toegegee dat sy handeling nie wetlik korrek was nie maar dat hy bereid is om in die toekoms met die kampkomitee saam te werk met die doel om 'n werkbare oplossing vir die interne kragverspreiding te vind.

Die regsopinie wat die OM van advokaat Jan Heunis verkry het dui daarop dat die OM glad nie 'n party tot die eienaarskap van die oord is nie. Die OM se primêre taak is om 'n grootmaat meter op die grens van die Oord te verskaf. Wat intern in die Oord aangaan is nie die OM se verantwoordelikheid nie. Die OM sal egter nie die huidige diens staak voor die einde van hierdie finansiële boekjaar nie maar dan moet die kampvereniging ook bewys lewer dat daar vordering is met die oorname van die kragverspreidingsnetwerk.

Dit kom daarop neer dat die OM klaar besluit het om nie langer as diensverskaffer van kleinmaat elektrisiteit vir die Oord op te tree nie.

Tydens die onlangse samesprekings met die OM wat op 13 Oktober 2010 gevoer was, is besluit dat 'n tegniese taakgroep bestaande uit lede van die kampkomitee en amptenary van die OM saamgestel gaan word om na al die regstegniese en administratiewe komponente te kyk. Raadslid D Oosthuizen van die OM het dit ook beklemtoon dat eienaarskap en privatisering van die Oord baie dringend uitgesorteer moet word.

Die lede van die werksgroep van die kampkomitee het tot die gevolgtrekking gekom dat daar nou indringend met diensverskaffers geskakel moet word.

Daar word ook tans in samewerking met die kampvereniging se regsadviseur gewerk aan die stigting van 'n regspersoon in die vorm van 'n Trust met 'n nie-winsgewende motief of 'n Artikel 21 maatskappy om as ontwikkelaar van die Oord tydens die privatiseringsfase op te tree wat moontlik ook die verskaffing van interne kleinmaatdienste kan administreer. Vordering in hierdie verband sal tydens die Algemene Jaarvergadering aan al die lede gerapporteer word. Dit sal ook nodig wees dat die lede hul keuse sal moet uitoefen vir die daarstelling van 'n beheerliggaam wat die toekoms van die kamp gaan bepaal.